


Droom saam met God!

Elke groot droom het ’n prys!

Een nag het Josef ’n droom gehad. Hy het dit vir sy broers vertel, waarna hulle hom nog meer gehaat het. Genesis 37:5

Bewaar en koester jou drome, want dit is die kinders van jou siel en die bloudruk van jou uiteindelike prestasies! Napoleon Hill

Toe sy broers hom sien aankom, het hulle hom van ver af herken en planne beraam om hom dood te maak. “Hier kom daardie dromer!” het hulle uitgeroep. Genesis 37:18-19

Opoffering- Die prys van die droom

Toe Josef daar aankom, het hulle hom sy spoggerige kleed laat uittrek en hom in die put gegooi. Genesis 37:23-24

Opoffering is om iets wat jy tans het, prys te gee vir iets wat jy in die toekoms begeer of wil bereik.

Ek verseker julle, as ’n graankorrel nie in die grond val en sterf nie, bly hy net op sy eie bestaan; maar as hy sterf, lewer hy ’n groot opbrengs. Johannes 12:24

Hulle wat met trane saai, sal met vreugde maai. Hulle wat met trane die saadsak loop en dra, sal beslis sing van vreugde wanneer hulle die gerwe dra. Psalms 126:5-6

Volharding – Die pyn van die proses

Die tronkbewaarder het geen bekommernis gehad nie, want Josef het oor alles toesig gehou. Die Here was met hom sodat hy suksesvol was in alles wat hy gedoen het. Genesis 39:23

Mag die Here julle hele lewe instel op God se liefde en die volharding wat Christus aan ons gee. 2 Tessalonisense 3:5

Wat julle nodig het, is om te volhard sodat julle kan voortgaan om God se wil te gehoorsaam. Dan sal julle ontvang wat God beloof het. Hebreërs 10:36

Moet dus nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie tou opgooi nie, sal ons op die regte tyd oes. Galasiërs 6:9

Die sleutel tot sukses is aksie, en die kern van aksie is volharding. Sun Yat-sen

Geloof – Die krag wat die droom dra

God het my voor julle uit gestuur om voorsorg te tref dat julle en julle gesinne aan die lewe kan bly en sodat julle ’n groot nasie kan word. Genesis 45:7-8